LES 3: INNERLIKE VS UITERLIKE

(God kyk nie na hoe jy lyk nie, maar hoe jy lewe!)

Les gemik op pre-tieners: Gr 4-6

Veewagter

SKRIFGEDEELTE: 1 Samuel 16

DOEL:

Dat kinders sal besef dat vir God is dit wat in elkeen se hart omgaan belangrik, nie uiterlike dinge soos skoonheid of prestasie nie.

SPELETJIE 1:

Kies julle eie Springbokspan

- Verdeel die kinders in groepe – meisies moet ook saamspeel!
- Verskaf aan almal pen en papier!
- Hulle moet binne 5 minute 'n Springbok Rugbyspan saamstel na hul keuse.
- Hou name van bekende rugbyspelers in gereedheid vir kinders wat dalk nie so bekend met rugby is nie of gebruik 'n sport waarmee almal in die groep bekend is, bv sokker.
- Kry terugvoering deur vrae te vra soos:
  - o Hoekom het julle die spesifieke spelers vir die span gekies?
  - o Watter spelers het julle uitgelaat? Hoekom?

Moenie dat die speletjie te veel tyd in beslag neem nie.

SPELETJIE 2: VOORTBOUEND

- Kies twee leiers uit die groep.
- Hulle moet nou vir hulle elk 'n span kies.
- Elkeen kry 'n beurt om 'n kind te kies totdat al die kinders ingedeel is. Speel dan enige spanspeletjie soos Krappe en Kraaie of "Rounders" of kies jou eie.
- Speel vir 5 – 10 minute.

Na die speletjie vra:

- o Watter tipe kinders kies jy vir jou span?
- o Hoe het dit gevoel om eerste gekies te word?
- o Hoe voel dit om laaste gekies te word?

Die redes waarom ons mense kies vir spanne, vriende, ens. laat my dink aan iets wat eenkeer gebeur het in die Bybel. Ons lees daarvan in 1 Samuel 16.

DRAMATISERING:

(Kry eenvoudige rekwisiete ("props") om elke karakter voor te stel.)

Karakters: Isai (pa) - hoed, Samuel (profeet)- Bybel, 6 ouer broers kry elkeen 'n papiertjie met sy naam daarop: Eliab, Abinadab, Samma, Netanel, Raddai, Osem; bediende - besem, Dawid (jongste broer)- Kierie of kitaar.

Die verteller moet vooraf vir die kinders sê om net te luister na die storie. Wanneer hul karakter aan die beurt kom, moet hul so min of meer doen wat die karakter in die verhaal doen. (vrye toneelspel)

DIE VERHAAL:

"Op 'n dag het die Here vir die profeet, Samuel gesê: "Gaan na die dorp Betlehem toe. Daar is 'n man met die naam Isai. Ek wil hê jy moet een van sy seuns koning van Israel maak."

Samuel het gedoen wat die Here gesê het hy moet doen. Toe Samuel vir Isai en sy seuns sien, sien Samuel vir Eliab, Isai se oudste seun. Samuel dink toe by himself: "Dis die een wat die Here wil hê ek moet koning maak." Maar die Here sê vir Samuel: "Jy moenie net kyk of iemand mooi of lank is nie, hy is nie die een wat Ek gekies het nie. Ek kyk nie na iemand soos mense na mekaar kyk nie. Mense kyk na hoe iemand lyk, maar Ek kyk na sy hart."

Isai se seuns het een vir een voor Samuel kom staan. Eerste was Eliab, maar Samuel sê: "Nee, dit is nie vir hom wat die Here gekies het nie." Toe kom Abinadab en Samuel sê: "Nee, dit is nie vir hom wat die Here gekies het nie." En toe kom Samma. Samuel sê: "Nee, dit is nie vir hom wat die Here gekies het nie." En toe is dit die beurt van Netanel. Samuel sê: "Nee, dit is nie vir hom wat die Here gekies het nie." Volgende was Raddai en Samuel sê: "Nee, dit is nie vir hom wat die Here gekies het nie." Die laaste een was Osem en Samuel sê:"Nee, dit is ook nie vir hom wat die Here gekies het nie."

Daarna vra Samuel vir Isai: "Is dit al seuns wat jy het?" Isai antwoord toe: "Ek het nog een ander seun. Hy is die jongste van almal. Sy naam is Dawid. Maar hy pas nou skape op."

Toe sê Samuel: "Gaan roep hom!"
Isai het vir sy bediende gestuur om vir Dawid te laat haal. Toe Dawid daar aankom, sê die Here vir Samuel: "Dit is die een wat jy moet Koning maak."

Samuel gooi 'n bietjie olyflolie op Dawid se kop. Hy het dit gedoen as 'n teken dat Dawid baie spesiaal is vir God en dat hy vir God moet dien. Van daardie dag was die Heilige Gees by Dawid.

Kom ons kyk terug na die spanne wat julle gekies het. Die Springbokspan en die Krappe en Kraaie spanne:

- Wanneer spanne gekies word, is dit gewoonlik die vinnige, slim, mooi of gewilde kinders wat gekies word.
- Ook as ons vriende kies, dan kies ons mos gewoonlik die wat mooi of sterk of gewild is, want ons kyk meestal na uiterlike dinge. Dit is vir ons belangrik.
- Op watter manier kyk God na ons? Een van julle soek 1 Samuel 16:7 op en lees dit hardop vir die groep.

"Jy moenie net kyk of iemand mooi of lank is nie, hy is nie die een wat Ek gekies het nie. Ek kyk nie na iemand soos mense na mekaar kyk nie. Mense kyk na hoe iemand lyk, maar ek kyk na sy hart."

AKTIWITEIT: Innerlike Eienskappe

- Gee vir elke kind 'n wit vel papier en 'n wit vetkryt. Hulle moet dan op hul papier skryf (sonder dat die ander sien wat hulle skryf) 'n innerlike eienskap wat hulle graag in 'n vriend soek. bv. vriendelikheid, "fun", eerlikheid, getrouheid, ondersteunend, lojaal, ens.
- Gee rooi, groen of blou voedselkleursel en kwaste vir die kinders. (watte balletjies of sponsies kan ook gebruik word). Verf die voedselkleursel oor die papier. Die innerlike eienskap staan duidelik uit.
- Ons moenie net na mense se uiterlike kyk nie, ons moet begin kyk na mense soos God na mense kyk. Na die innerlike. Uiterlike dinge vergaan... dit hou nie vir ewig nie.

AKTIWITEIT: Ek sien jou raak in jou...

- Gee nou vir elke kind 'n papier waarop hy sy naam skryf.
- Die papiere word opgeneem en uitgepak op tafels.
- Elke kind kry 'n pen of potlood en hulle beweeg deur die vertrek en skryf op maats se papier watter innerlike kwaliteite hul in hul maats raaksien. Sorg vir rustige agtergrondmusiek.
- Gee genoeg tyd vir die aktiwiteit.
- As leier moet jy die kinders help om gefokus te bly en te hou by mooi **innerlike** kwaliteite van hul maats. Hulle moet by almal iets moois skryf, al moet jy help dink.
- Aan die einde kry elke kind sy papier. Hy kan dit hou om hom/haar daaraan te herinner aan die mooi eienskappe wat ander in hul raaksien.

Hier is 'n paar idees vir mooi innerlike kwaliteite van mense (Dit kan op die muur geplak wees om die kinders te help.):

- Hulle doen graag goeie dinge vir ander mense
- Hulle is altyd bly
- Hulle lewe in vrede met God (en ander mense)
- Hulle word nie gou kwaad nie
- Ander mense wil graag by hulle wees
- Hulle doen heeltyd wat God sê
- Hulle dink nie te veel van hulself nie
- Hulle sê nee vir sonde

GEBED

Sluit af met gebed